# JEUG ALPHA: Sessie 11 – Hoe en waarom moet ek ander vertel?

## 1. <u>PRAISE AND WORSHIP</u>

## 2. <u>YSBREKER:</u> Huggy bear

- Almal staan rond, en soos ek 'n nommer uitroep moet die kinders groepies met soveel kinders in maak.
- Die idee is dat die kinders mekaar dan 'n drukkie gee, maar ons kyk maar hoe dit gaan, en haal miskien die drukkie deel uit ☺

## 3. <u>INLEIDING:</u>

Al die inligting in die Alpha kursus tot hiertoe was vir jouself, hoe dit jou help, en hoe dit jou lewe kan verander. In vanaand se sessie gaan ons gesels oor hoe en waarom ek ander moet vertel. Ons het hierdie ysbreker gedoen, omdat dit nie altyd maklik is om na 'vreemdes' te gaan en met hulle te gesels nie, wat nog te sê 'n drukkie gee. Om die goeie nuus van Jesus met ander te deel kan ons soms net so ongemaklik soos 'huggy bear' jou laat voel – selfs wanneer dit mense wat is ons goed ken.

## 4. <u>VIDEO CLIP</u>: Vrae tydens die video clip:

(hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groepe beantwoord)

**<u>Vraag 1</u>**: What is your most embarrassing moment?
(*Wat is jou vernederendste oomblik?)*

**<u>Vraag 2</u>**: Is it ok to talk about our personal faith with others? Why or why not?
*(Is dit ok om met ander oor jou geloof te praat? Hoekom?)*

- Is daar 'n 'regte' of 'verkeerde' tyd om met ander mense oor geloof te praat?
- Hoekom voel party mense so ongemaklik om met ander oor geloof te praat?

**<u>Vraag 3</u>**: What should the impact of Christians be in society?
(*Wat behoort die impak of effek van christenskap op die samelewing te wees?*)

- Hierdie sessie praat van die Evangelie deel deur WOORDE en LIEFDEVOLLE DADE:
  - Wat beteken dit vir jou?
  - Waar sien jy dit? Of waar sien jy dit nie?

## 5. <u>OEFEN TYD:</u>

In hierdie sessie gaan ons bietjie prakties raak. Begin deur vir jou iemand in jou groep te kies met wie jy gemaklik is. Ek gaan vir julle so paar goed op die bord gooi waaroor julle met mekaar gaan gesels. Die eerste twee gaan maklike vrae wees, en vir die volgende gaan jy so bietjie 'dieper moet delf'.

* Wat was lekker van jou dag gewees?
* Wat was sleg van jou dag gewees?

* Deel ‘n getuienis met mekaar van ‘n tyd toe Jesus jou met iets gehelp het, of jou geantwoord het.
* Deel met mekaar wat Jesus vir jou beteken, en hoe om Hom te volg jou lewe verander het.

## 6. OPSOMMING

Hierdie was nou net ‘n vinnige oefening, net om julle bietjie aan die gang te kry. Ek glo baie van julle het awesome getuienisse gehad, en party van julle moes behoorlik kopkrap om aan iets te dink om te sê. Dis egter belangrik dat ons as kinders van God sal oefen en leer om dit te doen. Die beste plek om te begin, is met mense wat dieselde oor Jesus voel as jy. Dit gee jou lekker ‘oefening’ vir wanneer die Heilige Gees iemand oor jou pad stuur wat jy nie ken nie, en nie so gemaklik mee voel nie!

## 7. Sluit af met gebed en deel selfone uit